

Nabetragting van Sondag 26 Julie 2020

Maandag: Groot finansiële suksesse in die besigheids-omgewing word graag opgehemel, terwyl vele gemeentes chronies sukkel om kop bo water te hou. Die Skepper van hemel en aarde lyk afwesig in sy huise op aarde. Dit kan tog nie die waarheid wees nie – dat ons 'n afwesige God aanbid. Die NG Kerk Calitzdorp is nou by 'n kruispunt waar dit of beter sal gaan, of slegter. Betrokkenheid hingel tans hoofsaaklik by lidmate ouer as 50 jaar, terwyl die jongere garde, asook die middelgroep redelik afwesig is. Om te beweer daar is 'n fout by diegene wat nie betrokke is nie, sou die bal heeltemal mis slaan. Om weer dinamies te wees, sal die gemeente sy hart en siel onder die soeklig moet plaas.

Dinsdag: Gemeentes het oor die jare baie aangepas soos die sieninge en behoeftes van mense verander het. Tog behoort daar 'n sentrale aantrekkingskrag te wees waarby alle lidmate kan aanklank vind. Wat kan dit wees in ons gemeente? Waarskynlik sou die

gemeente-karakter en erediens-atmosfeer en leierskap-wysheid van die faktore wees wat 'n lagie nuwe woema benodig. As die Skrifgedeelte vir die week – 1 Kor. 13 – met intensie geles word, staan die negatiewe en positiewe veranderlikes almal daarin uitgespel. Let op dat godsdienstigheid nie juis voorgedra word as die oplossing vir lewendmakende spiritualiteit nie.

Woensdag: Vele mense meen dat hulle eredienste bywoon om padkos vir die week te kry. As dit so is, is dit wonderlik, maar eredienste gaan oor veel meer. Daar is die lof- en aanbidding, die samesyn, maar wat deur alle eeue wys as die spilpunt van geestelike byeenkomste, is wat ons kan noem beleving. En nie soseer beleving van die liturgie nie, maar van God die Vader, die Gees en Christus. Wanneer die Skepper van hemel en aarde nie net volgens die Woord teenwoordig is in die samekoms van gelowiges nie, maar ook beleef word, ontspring die krag van liefde wat troos en ondersteun en rigting bied.

Donderdag: As die NG Gemeente Calitzdorp volwaardig deel van die liggaam van Christus in Calitzdorp wil wees, moet 'n gemeentefilosofie heers waar God ervaar word, waar hoop gekry word, waar geloof gebou word en waar die liefde seëvier. Die gemeente kan niks gee wat nie by hom oorloop nie. As geloof, hoop en liefde toegetronk is in ons binnekant, het dit nie veel waarde nie. Dit help ook nie om dit oppervlakkig te te vertoon nie. Dit is nie ons geloof en ons hoop en ons liefde wat die kragtige werking van God beskikbaar maak nie, maar God wat dit deur ons laat vloei. Ons moet dit gewoon toelaat – daarvoor natuurlik onself so half uit die pad haal. Die Onse Vader gebed is 'n baie goeie hulp om daarvoor na te dink: Laat U koninkryk kom, laat U wil geskied...

Vrydag: Die tyd van inperking is aaklig en eintlik vernietigend. Dit wys ook hoe maklik ons van sekerhede gestroop word. Grendeltyd wys ook wat ons regtig nodig het deur die verlies daarvan te ervaar. Die gemeente is eintlik al vir 'n hele klompie jare in sy eie

grendeltyd, ingeperk deur negatiewe ervarings en blootstelling aan bedieningsaksies wat ontuis in die gemeente was. Hoe graag daar ook al met die emosionele sweep en eingebeure voort geloop wil word, bly die waarheid dat die gemeente deel van die liggaam van Christus in Calitzdorp is. Deelname en betrokkenheid is nie 'n eis nie, kan nie gemanipuleer word nie, kan nie sommer aanvaar word nie – dit gebeur alleen wanneer die gemeente Christus vertoon. En in die tydvak wat voor ons uitstrek, gaan die gemeente 'n warm en veilige ruimte moet wees waar een en elk gekoester word in ondersteuning, maar veral in beleving van die Here self.

Groete